

**19 September**

**Skrifgedeelte: Johannes 1:19-34**

### **Jesus geopenbaar as die Lam van God**

Toe die dag aangebreek het dat die ewige Woord Hom aan die mense van sy tyd sou openbaar, het Hy 'n ander Johannes gebruik, naamlik die Doper. Johannes ken sy plek as wegbereider en getuig teenoor die gesante van die Sanhedrin: "Ek is die een wat in die woestyn roep: Maak die pad vir die Here reguit... Ek is nie die Christus nie... Ek doop met water... Dit is Hy wat met die Heilige Gees doop." Slegs Hy reinig mense van hulle sondes.

Die volgende dag kom Jesus uit die skare aangestap en dan ontvang Johannes die heerlike voorreg om die Messias met die vinger aan te wys: "Kyk daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem".

Tog begin die ongeloof van die Jode alreeds hier as hulle meer belangstel in wie Johannes is en in wat hy doen (hy doop selfs Jode en dit was volgens hulle ongehoord) as wat hulle belangstel in sy boodskap. Niemand van hulle vra vir Johannes waar hierdie belangrike Persoon dan is van Wie hy getuig nie. Vul die Lam van God ook, soos by Johannes, u hele lewe? Herken jy Hom in die Woordbediening, in die belydenis en die sakramente as jou Verlosser? Is dit vir jou ook, soos vir Johannes, die wonderlikste voorreg om sy Naam voor die mense te bely? Ons is niks werd voor Hom nie. Hy is vol majesteit en tog is Hy ons Here. Hy het ons duur gekoop.

*Sing: Skrifberyming 18:3,4,5    Ds J Venter (Emeritus)*